

10 April

Skrifgedeelte: Spreuke 13:18-25; 20:21

Fokusgedeelte: Spreuke 13:22; 20:21

Deel met ander in die genade wat God gee

Waar kom ons besittings vandaan en wat doen ons met alles wat ons besit? Dit is die twee vrae waarby Spreuke ons vandag wil bring. Dit is baie belangrike vrae, aangesien ons besittings 'n groot rol in ons lewens speel en baie maklik vir ons 'n struikelblok kan raak.

In Psalm 24:1 sê die digter: “Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en die wat daarin woon, alles behoort aan die Here.” Juis daarom kan Paulus in 1 Korintiërs 4:7 vra: “Wat besit jy wat jy nie ontvang het nie?” Alles wat ons besit, ontvang ons van die Here af. En tog behoort alles steeds aan Hom wat alles gemaak het. God stel ons dus as rentmeesters oor sy eiendom aan, om Hom daarmee te dien.

Hoe bekom ons al ons besittings wat die Here aan ons gee? Spreuke 20:21 waarsku ons dat ons dit op die regte manier moet verkry en nie deur oneerlikheid nie. Die Here wil hê dat ons deur eerlike en getroue werk ons besittings verdien. Tog wil ons soms in ons haastigheid kortpaaie neem om besittings te kry en gebruik ons dalk skelm en oneerlike metodes. Maar dit bring net ongelukkigheid. Die wete dat ons God met ons optredes bedroef, vrees om uitgevang te word en dalk selfs tronkstraf is dan ons voorland.

So hoe moet ons nou met die besittings, wat ons deur eerlike arbeid verkry het, omgaan? As gelowiges, sê Spreuke 13:22, moet ons ons besittings “goed” gebruik. Met ander woorde uit 'n ware geloof, volgens die Wet van God en tot sy eer (HK Sondag 33). In plaas daarvan dat slegs ons eie begeerte ons lei, moet liefde vir God en liefde vir ons naaste ons lei om ons besittings reg te gebruik. Dan sal dit nie meer 'n struikelblok vir ons wees nie, maar 'n middel om ook aan ander van God se genade te getuig. Dan kan ander rondom ons, ook ons kleinkinders, deel in die genade wat God aan ons gee.

Sing: Psalm 119:7 (Totius)

Ds. PR Gouws (Pietersburg-Suid)